

5 Julie

Skrifgedeelte: Filippense 2:1-18

Fokusgedeelte: DL, 3/4:14

Sonder God wil en kan ek nie glo nie

'n Dooie mens kan nie en wil nie lewe nie. Net God kan 'n dooie weer lewendig maak. So is dit ook met die geloof. Iemand wat dood is in die sonde kan nie glo nie en wil ook nie glo nie. Net God kan iemand wat dood is in die sonde geestelik lewendig maak deur geloof aan hom te gee.

Geloof is 'n gawe van God en kan nie vanself in ons ontstaan nie. Tog is dit nie 'n gawe wat God aanbied aan die mens en die mens moet self besluit of hy dit wil vat of nie. Net soos 'n dooie mens nie die gawe van die lewe kan kies nie, omdat hy dood is en net deur God lewendig gemaak kan word, net so kan 'n ongelowige nie die gawe van die geloof kies nie, omdat hy in sy sonde dood is.

Die Woord sê mos (vers 13): "... want dit is God wat julle gewillig en bekwaam maak om sy wil uit te voer." God gee dus aan ons die wil en die vermoë om te glo. Hy gee die geloof vir die mens in en stort dit in hom in, sê ons belydenis. Gevolglik bely ons: "Ook is dit nie so dat God net die vermoë om te glo gee en daarna van die mens se oordeel instemming of daadwerklike geloof verwag nie. Maar Hy bring sowel die wil om te glo as die geloof self in die mens tot stand."

Aangesien God ons gewillig en bekwaam maak om sy wil uit te voer moet ons ons volgens vers 12 "met eerbied en ontsag daarop toelê om as verlore mense te lewe ..." As ek altyd onthou dat God my geloof vir my ingegee het en in my ingestort het, sal ek elke dag met dankbaarheid uit my geloof lewe!

Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)

~~~~~